



SandSonia se Borane gedy op suurveld

Die Boran is 'n geharde, egte Afrika-bees met goeie weerstand teen bosluisoordraagbare siektes. Hulle is geensins selektiewe vreters nie, floreer gemaklik op suurveld en fynbos, en het die vermoë om baie vinnig ná droogtes te herstel en vet aan te sit.

Hierdie en ander voortreflike eienskappe van dié beesras is van die redes waarom Johann en Corn van der Watt die SandSonia Boran-stoetery in die Humansdorp-distrik by hul pa, Corn senior, oorgeneem en verder uitgebou het. Hulle het dit tot so 'n mate reggekry dat die SandSonia-stoetery vandag 'n verneme rol in die vestiging van die ras tot in al die uithoeke van die land speel.

Uit Afrika vir Afrika

SandSonia gebruik Afrika-beesrasse, die Boran, Nguni en Mashona, om veldbeeste te teel wat weerstandig is teen die strawwe bosluisbelading in die gebied en selfversorgend op weiding afgerond kan word. Hierdie rasse is by uitstek top-moederlyne, met die potensiaal van uitsonderlike vrugbaarheid. Die rasse is oor honderde jare veredel en heeltemal onverwant, wat heterose verhoog.

SandSonia bestaan uit sowat 700 beeste waarvan 200 suiwer Borane en 100 suiwer Nguni's is, en die res kommersiële Boran/Jersey- en Nguni/Jersey-kruisings. Die boerdery word op ongeveer 830ha eie en 80ha huurgrond in onderskeidelik die Humansdorp- en Port Elizabeth-distrik van



SS12-48 (derde geslag SS Boran) is agt maande dragtig en 29 maande oud.



'n SandSonia SP Boranvers in witklawergrasweiding.

die Oos-Kaap bedryf. Die grond is meestal sanderige Kouga-suurveld (amptelike drakrag 1GVE/7ha) met 'n jaarlikse reënval van 600mm, en is saamgestel uit 250ha permanente weiding en verder natuurlike suurveld.

Seleksie vir gehardheid

"Ons selekteer (in orde van belangrikheid) vir gehardheid, langlewendheid, vrugbaarheid, melk, groei, bouvorm en temperament. Met die beperkte hoeveelheid akkurate prestasiedata vir hierdie rasse en omdat moderne prestasiedata op die produksie van speenkalwers vir voerkrale gerig is, het SandSonia teruggegaan na ouer metodes. SandSonia se seleksie is gebaseer op die natuurbegin-sel van 'vorm volg funksie,' sê Corn.

Volgens hom het SandSonia vir sy spesifieke behoeftes 'n "ideale, funksioneel doeltreffende Boran" gedefinieer, wat aangepas word indien nodig. Hulle maak gebruik van tot 20 liniëre liggaamsmates om elke suiwer Boran te meet en dan korrektiewe paring toe te pas.

"Ons is aangenaam verras met die resultate van hierdie proses. Dit het ons baie gehelp om ons beeste beter te leer ken. Hierdie basiese *stockman*-vaardigheid

word ongelukkig benadeel deur moderne teelwaardes en seleksiemetodes," sê Corn.

'n Holistiese benadering

SandSonia se saadjie om holisties te boer is meer as 20 jaar gelede geplant toe Corn senior, te midde van die chemiese bemestingsrewolusie wat hoogty gevier het, begin het om sy eie organiese kompos te maak. Oor die volgende twee dekades het hy die plaas stuk vir stuk ontwikkel. Hierdie proses van koolstof-kapitalisering het die grondstruktuur en waterhouvermoë tot so 'n mate verbeter dat SandSonia die afgelope vyf jaar hul drakrag op die grond kon verdubbel.

Dit was ook Corn senior se pioniersgeaardheid wat SandSonia tien jaar gelede na die Boran gelei het. "Die ras pas uitstekend in by SandSonia se besluit om met 'n holisties volhoubare benadering beheer oor ons toekoms te neem. Ons is oortuig dat so 'n benadering oor die lang termyn 'n oplossing vir beide die boer en die voerkras kan bied," sê Corn.

Vir meer inligting, kontak
Corn van der Watt by 082 885 3188
of cornvdwatt@hotmail.co.za.